# FAK Internasionale Afrikaanse Geskiedenisolimpiade: Ronde 2

Graad 4

Die tweede ronde bestaan uit die volgende:

**Fase 1:** Skryf ’n opstel en maak ’n video. Dit moet teen **3 Augustus** ingestuur wees.

**Fase 2:** Die finale ronde 2-vraestel word op **29 Augustus** landwyd geskryf, by aangewysde punte wat later gekommunikeer sal word.

## Fase 1: OPSTEL

Kies **EEN** van die volgende twee temas en skryf ’n opstel daaroor:

Opsie A: My familiegeskiedenis

Opsie B: As ek dít kon verander ...

## Opsie A: My familiegeskiedenis

Elke familie het ’n unieke storie. Nou is dit jou beurt om jou familie se verhaal te ontdek en te vertel!

**Wat jy moet doen:**

Voer ’n kort onderhoud met:

- ’n ouer;
- ’n grootouer; of
- ’n ouer familielid.

Vra vir hule vrae oor julle familie en skryf daarna ’n opstel van 250 tot 400 woorde.

**Oorweeg die volgende om diepte en konteks aan jou skryfstuk te gee:**

- **Waar kom julle vandaan?** Vertel waar jou familie vandaan kom.
- **Wie was jou voorouers?** Noem ’n paar mense in jou familie wat lank gelede geleef het.
- **Watter spesiale storie vertel julle familie?** Vertel van iets wat in die verlede gebeur het wat jou familie graag met mekaar deel.

- **Is daar iemand in jou familie op wie julle trots is?** Vertel van iemand wat iets spesiaal gedoen of bereik het. Is daar 'n held in jou familie wat jy voel erkenning moet kry.
- **Wat beteken jou familie se storie vir jou?** Vertel waarom jou familie se geskiedenis vir jou belangrik is.

**Wenk vir 'n wenopstel:** Sluit ten minste **2 tot 3 historiese feite** in (byvoorbeeld datums, plekke of belangrike gebeurtenisse). As jy ou foto's of dokumente het, kan jy dit ook gebruik om jou storie in te kleur! Ons wil nie net koue feite lees nie, ons wil jou familie se storie leer ken.

***Of***

## Opsie B: As ek dít kon verander ...

Verbeel jou jy het 'n **tydmasjien** en jy kan terugreis na 'n tydperk in die geskiedenis waaroor julle vanjaar geleer het. Jy mag een belangrike gebeurtenis verander. Wat sal jy verander en hoekom?

**Wat moet jy doen?**

Skryf 'n <u>opstel van 250 tot 400 woorde</u> waarin jy verduidelik watter gebeurtenis jy sou verander, hoe jy die gebeurtenis sal verander en hoekom jy sou kies om hierdie gebeurtenis te verander.

**Oorweeg die volgende om diepte en konteks aan jou skryfstuk te gee:**

- **Die tydperk:** Vertel na watter tydperk in die geskiedenis jy terugreis.
- **Die gebeurtenis:** Verduidelik wat jy van die gebeurtenis wil verander?
- **Jou rede:** Waarom wil jy hierdie gebeurtenis verander?
- **Wat gebeur daarna?** Vertel hoe jy dink die geskiedenis sou verander het as hierdie gebeurtenis anders sou verloop het.
- **Vandag:** Hoe dink jy sou Suid-Afrika vandag anders gewees het as jou verandering gebeur het?

**Wenk vir 'n wenopstel:** Gebruik ten minste **2 tot 3 ware historiese feite** oor die tydperk om te wys jy verstaan die opdrag. Daar is nie 'n regte of verkeerde antwoord nie. Ons wil sien hoe kreatief jy kan dink en hoe goed jy jou kennis van die geskiedenis kan gebruik.

**<u>Die opstel moet in Word-dokumentformaat na olimpiade@fak.org.za gestuur word.</u>**

Die dokument moet 'n Header bevat wat jou: Naam, Van, Graad, Skool, Provinsie en keuse van opstel bevat

*Bv. Megan Davies, 8, AHMP, Gauteng, Opsie A*

*Die volgende is wat nasieners in ag sal neem om jou opstel te merk:*

**OPDRAG 1: OPSTEL (100 PUNTE)**
**Beoordelingsrubriek**
**Kategorie Punte**

| | |
|---|---|
| Inhoud en onderwerpbegrip | 20 |
| Geskiedkundige feite en navorsing | 25 |
| Kreatiwiteit en oorspronklikheid | 15 |
| Logiese struktuur en vloei | 15 |
| Persoonlike insig, argument of storievertelling | 15 |
| Taalgebruik, spelling en aanbieding | 10 |
| **Totaal** | **100** |

***En/Of***

## Fase 1: Video- Geskiedenis lééf

Geskiedenis is oral om ons. In jou dorp of naby jou is daar dalk ’n ou gebou, monument of standbeeld wat ’n interessante storie vertel. Nou is dit jou kans om ’n **geskiedenisspeurder** te wees en daardie storie met ons te deel!

**Wat moet jy doen?**

1. Besoek ’n monument, standbeeld of historiese baken wat vir jou interessant is.
2. Neem **ten minste twee foto’s** van die plek.
3. Maak **’n video van 2 tot 4 minute** waarin jy die geskiedenis en betekenis van die monument, standbeeld of historiese baken verduidelik.

**Oorweeg die volgende om diepte en konteks aan jou video te gee:**

- **Die naam:** Wat is die naam van die monument, standbeeld of geskiedkundige plek?
- **Waar is dit geleë?** Vertel in watter dorp, stad of plek dit is.
- **Die storie:** Vertel wat die geskiedenis van die plek is. Noem **2 of 3 interessante feite**, soos: belangrike datums, of mense wat met die plek te doen gehad het.
- **Hoekom is dit gebou?** Vertel waarom die monument of plek gebou is.
- **Jou mening:** Waarom dink jy is hierdie plek vandag nog belangrik?
- **Die toekoms:** Waarom moet ons hierdie plek oppas en beskerm?

**Wenk**

Wys jou **twee foto's** in jou video terwyl jy praat. Wees kreatief! Jy kan:

- aantrek soos iemand uit daardie tyd;
- 'n kort toneeltjie opvoer; en
- foto's, kaarte of ander prente gebruik.

Moenie net van 'n papier aflees nie. Vertel die storie in jou eie woorde en wys jou persoonlikheid!

**Onthou**

Die beste video's wys:

- goeie navorsing;
- korrekte feite;
- kreatiwiteit; en
- selfvertroue.

**<u>Die video moet na olimpiade@fak.org.za gestuur word via WeTransfer!</u>**

Om jou te help WeTransfer gebruik kyk *:* https://www.youtube.com/watch?v=gmzMsSCKj4E

*Die volgende rubriek sal gebruik word om jou video te beoordeel:*

**OPDRAG 2: VIDEO-UITDAGING (100 PUNTE)**
**Beoordelingsrubriek**

| **Kategorie** | **Punte** |
|---|---|
| Geskiedkundige akkuraatheid en navorsing | 30 |
| Aanbieding en storievertelling | 20 |
| Kreatiwiteit en oorspronklikheid | 20 |
| Waarom die monument/baken bewaar moet word | 10 |
| Gebruik van feite, datums en historiese persone | 10 |
| Tegniese gehalte (klank, beeld en verstaanbaarheid) | 10 |
| **Totaal** | 100 |

**<u>Dokument Titel (vir albei video en opstel moet) :</u>**

**GO 2026: Leerder Naam en Van, Graad, Skool Naam , tipe**

*Bv. GO 2026: Megan Davies, 8, AHMP, video*

Wys jou passie vir die geskiedenis en verras ons met jou kreatiwiteit, navorsing en aanbieding! Die beste inskrywings is dié wat goeie navorsing met kreatiewe aanbieding kombineer. Maak seker dat jou feite korrek is, jou bronne betroubaar is en dat jy trots is op die werk wat jy indien. Dit is belangrik dat dit jou eie, oorspronklike werk is.

**Ons sien uit daarna om jou unieke geskiedenisverhaal te ontdek!**